higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GROOT- EN KLEINHANDEL
NKR VLAK 2

(11030012)

2 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

238Q1N2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Pick n Pay behoort aan die kettingsubsektor.

1.1.2 Verskaffers is belangrike belanghebbers in Pick n Pay.

1.1.3 Logistiek is ’n eksterne vervoerdiens vir Pick n Pay.

1.1.4 Krimping verwys na verliese van handelsware of produk in die kleinhandel.

1.1.5 Diefstal is ’n oorsaak van krimping.

1.1.6 Winkeldiefstal is diefstal deur kliënte.

1.1.7 Verandering is belangrik vir kliëntediens.

1.1.8 Die menslikehulpbronafdeling is ’n bedryfsfunksie.

1.1.9 Ontvangs en versending is ’n bedryfsfunksie.

1.1.10 Huishouding is belangrik vir die winkels se voorkoms.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies ’n item uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Verkope minus koste van verkope	A	hoë impaksones
1.2.2	Personeellede wat in die besigheid steel	B	omset
1.2.3	Impak van verkeerde bestellings	C	vensterplakkate
1.2.4	Produkte wat in besige areas uitgestal word	D	bruto wins
1.2.5	Leë rakke as gevolg van geen voorraad	E	voorraadkamers
1.2.6	Kliënte-ervaring in die winkel	F	interne diefstal
1.2.7	’n Ander term vir *verkope*	G	te veel in kasregister
1.2.8	Wanneer ’n kassier meer het as wat die verwagte ontvangstes moet wees	H	swak winsgewendheid
1.2.9	Het bedoel om ekstra voorraad te hê	I	uitverkoop
1.2.10	Word gebruik om promosies te beklemtoon	J	oomblik van waarheid

(10 × 1) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

Pick n Pay bied township spaza-winkels gerieflike verskaffingskettingsdiens
24 Oktober 2017 10:29 VM

Pick n Pay het ’n loodsprogram bekend gestel wat in vennootskap met spazawinkels in townships tree om ’n gerieflike diens aan die informele mark te bied.

Die supermark het saam met sy verskaffers gewerk om die spazas met nuwe verkoeling- en IT-stelsels op te gradeer.

CapeTalk se Kieno Kammies het met Richard van Rensburg, Onderhoofbestuurder van Pick n Pay oor die inisiatief gepraat. Hulle het die program reeds in die Gauteng provinsie bekendgestel en gaan dit nou in die Wes-Kaap bekendstel.

Van Rensburg sê hulle het ’n goeie verhouding met spazawinkeleienaars ontwikkel, wat hulle volle koopkrag gee. Hy sê die produkte wat in hulle winkels verkoop word, is in dieselfde prysreeks as dié in Pick n Pay-winkels, dis soms goedkoper. Die stelsel wat in hierdie spaza-afsetpunte gebruik gaan word, is soortgelyk aan die stelsel wat in ’n nuwe winkel in Constantia gebruik gaan word, sê van Rensburg.

Wat ons buiten prys bied, is dat ons ’n gevorderde IT-stelsel het wat behoorlike vooruitskatting van die eienaars se koue ketting het wat behoorlike vooruitskatting vir die eienaars moontlik maak.

— Richard van Rensburg, Onderhoofbestuurder van Pick n Pay

[Bron: http://www.capetalk.co.za/articles/277611/pick-n-pay-offering-township-spaza-shops-convenient-supply-chain-service]

2.1 Beskryf TWEE belangrike reëls wat PnP personeel in gedagte moet hou wanneer hulle kouekettingprodukte ontvang. (2 × 2) (4)

2.2 Vergelyk en verduidelik die verskil tussen die PnP voorraadopname-metode en ’n spazawinkel se voorraadopname-metode. (2 × 2) (4)

2.3 Verduidelik die belang van ’n spazawinkel wat tegnologie gebruik vir die volgende:

2.3.1 Kasregisters

2.3.2 Voorraadopnames

2.3.3 Bestellings

(3 × 2) (6)

2.4 Verduidelik hoe elk van die volgende metodes kan bydra dat minder verliese by die kasregister voorkom:

2.4.1 Registreer die korrekte voorraadhoeveelheid

2.4.2 Registreer die korrekte kode

2.4.3 Ontvang korrekte betaling

2.4.4 Gee kliënt die korrekte kleingeld

(4 × 2) (8)

2.5 Verduidelik die impak van onvoldoende kleingeld in spazawinkels deur VIER voorbeelde te gee. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 3

3.1 Noem PnP se rol in die verskaffingsketting gebaseer op die uittreksel in VRAAG 2. (1 × 2) (2)

3.2 Noem die kategorie waaraan PnP behoort. (1 × 2) (2)

3.3 Beskryf die term *teikenmark*. (1 × 2) (2)

3.4 Gee TWEE praktiese voorbeelde van die gevolg van swak kliëntediens op spazawinkels. (2 × 2) (4)

3.5 Winkeldiefstal lei tot krimping.

Gee TWEE praktiese voorbeelde van hoe winkeldiefstal kan plaasvind. (2 × 2) (4)

3.6 Gee DRIE voorbeelde van areas waar toegang vir ongemagtigde personeel in PnP beperk kan word. (3 × 2) (6)

3.7 Noem DRIE metodes van betaling wat by PnP gebruik word. (3 × 2) (6)

3.8 Gee TWEE redes waarom dit vir PnP belangrik is om goeie voorraadvlakke te behaal. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Beskryf PnP se rol in eksterne ondersteuningsfunksies aan die spazawinkels. (1 × 2) (2)

4.2 Noem EEN eksterne ondersteuningsfunksie wat hersteldienste aan PnP verskaf. (1 × 2) (2)

4.3 Gee TWEE voorbeelde van algemeen aanvaarde diensstandaarde in kleinhandel wat spazawinkels kan gebruik wanneer kliënte gehelp word. (2 × 2) (4)

4.4 Gee TWEE redes waarom wins belangrik is vir spazawinkels. (2 × 2) (4)

4.5 Beskryf die betekenis van die volgende stappe om kleingeld aan te vul:

Stap 1 – Skat hoe besig die winkel gaan wees tydens jou skof
Stap 2 – Gaan die hoeveelheid geld in die laai na
Stap 3 – Wees gedurende jou skof bewus van hoeveel kleingeld jy in jou laai het
Stap 4 – Vul dokumentasie in volgens maatskappy se prosedures (4 × 1) (4)

4.6 Beskryf die volgende metodes van verwerking:

4.6.1 Kontant

4.6.2 Debietkaarte en kredietkaarte

4.6.3 Koepons

(3 × 2) (6)

4.7 Verduidelik wanneer 'n kassiersvoorskot aan kassiers uitgereik word en wanneer dit ingesamel moet word. (2 × 2) (4)

4.8 Gee TWEE voorbeelde van wat in voorraadkamers in PnP en spazawinkels geberg kan word. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE algemene reëls wat deur spazawinkels gebruik kan word vir die uitleg van hulle voorraadkamers. (1 × 2) (2)

5.2 Verduidelik die term *voorraadrotasie*. (1 × 2) (2)

5.3 Gee EEN voorbeeld vir elke metode van voorraadopname, wat tegnologie en die handmetode gebruik. (2 × 2) (4)

5.4 Beskryf hoe spazawinkels die term *handelsware-aanbieding* moet verstaan. (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

5.5 Noem TWEE tipes vaste uitstaltoebehore wat deur PnP gebruik word. (2 × 2) (4)

5.6 Bespreek hoe PnP sy uitleg kan inrig en wat PnP in die algemeen kan doen om op hoër inkomstegroepe te fokus. (2 × 2) (4)

5.7 Noem TWEE metodes wat PnP gebruik om pryse te vertoon. (2 × 2) (4)

5.8 Verduidelik die verskil in die manier waarop 'n spazawinkel sy voorraad uitstal in vergelyking met PnP. (2 × 2) (4)

5.9 Gee TWEE redes waarom rakadvertensies in die elektroniese en meubelkleinhandelbedryf gebruik word. (2 × 2) (4)

5.10 Noem TWEE maniere waarop PnP uitstalinstruksies kan kommunikeer. (2 × 2) (4)

5.11 Noem TWEE bykomende dienste wat PnP vir spazas kan aanbeveel om aan hulle kliënte te bied. (2 × 2) (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou